



Tuli

JOERNAAL 2016 JOURNAL





Tuli Stoet
Gouwsberg





KONTAK WERNER GOUWS

082 853 4483 • werner@gouwsbergtulis.co.za • Posbus 186, Bronkhorstspuit 1020



www.gouwsbergtulis.co.za

Inhoud

Contents

President	4
Raad/Council	5
In Memorium - Stephan Welz	6
Kwalitatiewe kenmerke by beeste	8
Lekaanvulling in droogte toestande	15
Wanneer & hoe moet ek my kalwers onthoring	20
Moeilikste tye ondervind in halfeeu	24
Zimbabwe Tuli Society	27
Badoli the ox	30
Kleur variasie Tuli x Nguni	32
Platinum Elite Koei Toekennings	36
Platinum Koei	38
2015 AJV/AGM	40
Vleissentraal SA Stamboek Elite vleisbeeskudde toekennings	43
On-farm & centralised growth tests	44
Tegniese adviseurs	45
Tuli Vuka Zambia	47
Veilingsreëls/Sales rules	51
Veilings/Auctions	63
Tuli members/Iede	66

Advertensies

Advertisements

Alpha & Omega Tulis	OBC
Amelia Tuli Stud	13
Bendri Tuli Stoet	18
Buffels Bosch Tulis	22
Burrowill Tuli Cattle	65
Bushman's Mountain Tuli Stud	58
Casman Tulis	71
Donkerhoek Tulis	3
Eagle's View Tulis	30
Eira Tuli Stoet	28 - 29
Epol & Molatek	31
Eselkop Tulis	65
Fair Tulis	60
Ganna Tulis	57
Glen Heath Tuli Stud	37
Gouwsberg Tuli Stoet	IFC & 1
GWK	50
HBH Tuli Stud	34 - 35
Horseshoe Tulis	53
Jambo Tuli Stud	9
Jenda Tuli Stoet	41
Langlyf Tuli Stoet	72
Mopani Tuli Stud	46
Nonnie Tuli Stoet	IBC
Noordelike Tuli Klub	62
ProAgri	42
Pulu Tuli Stoet	17
Rooiberg Tuli Stud	49
Roos	71
Rust-de-winter	62
Shashi & Tsavo	54
Tiptree Tulis	19
Unistel	10
Wilbeeshoek Tulis	14
Yara	17
Zimbabwe Tulis	26

The opinions expressed in this issue are not necessarily the views of the management of the Tuli Cattle Breeders' Society. The Tuli Cattle Breeders' Society accepts no responsibility for claims made in advertisements / articles.

Die menings wat in hierdie uitgawe uitgespreek word, is nie noodwendig die sienswyse van die Bestuur van die Tuli Beestelersgenootskap nie. Die Tuli Beestelersgenootskap aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige aansprake wat in advertensies / artikels gemaak word nie.

Uitgewers / Publishers

Tuli Beestelersgenootskap • Tuli Cattle Breeders' Society
Posbus / PO Box 20165 • Willows 9320
Tel: 051 410 0958
Webwerf / Website:
www.tulicattle.co.za

Kopiereg streng voorbehou • Copyright strictly reserved

KOÖRDINERING VAN PUBLIKASIE:

Firefly Publications (Pty) Ltd

Ontwerp & Bemerkingsdienste

Tel: 051 821 1783 • E-pos: palberts@telkomsa.net

Ontwerp deur: Caria Vermaak

Advertensies: Donovan Heunis

Tulis Donkerhoek

TEELBELEID

*Om funksioneel doeltreffende diere te teel
wat vrugbaar, gehard en aangepas is onder
uiterste toestande.*



GO WEST
Produksieveiling

13 OKTOBER 2016
Te GWK - Kimberley

Ben Raath Sel 083 468 6176 • braath@isat.co.za • Britstown - Noord Kaap
Colin Raath Sel 082 320 2863 • info@petbirds.com • Tarkastad - Oos Kaap
Besoek gerus ons webwerf by: www.donkerhoektulis.co.za

President

← CALLIE BARNARD

Die afgelope jaar was baie moeilik vir veeboere, nie net was die ekonomie onder druk nie, maar het dit gepaard gegaan met 'n landswye droogte en politieke onsekerheid.

In hierdie tye het ons almal besef hoe afhanklik ons van ons Skepper is. Ons dank die Vader dat ons met ons oë op Hom gerig ons boerdery aktiwiteite kan bevorder.

It is a privilege for me to be involved with the board of the Tuli Breeders' Society.

The board consist of prudent breeders who have the best interest for the breed at heart. I also had known and served under the late Mr Stephan Welz, who was my mentor in more than one aspect.

Ek glo die Tuli beesras is nou goed gevestig in sekere streke van Suid-Afrika. Die Tuli is gevestig as 'n inheemse en oorwegend poena beesras. Daar is streke wat braak lê, maar sal volgehoue bemarking en werksaamhede deur die tegniese adviseur dit ook bereik. Goeie pryse wat op veilings behaal was, dui daarop dat die Tuli as 'n geharde, mediumraam bees in gewildheid toeneem. Dit vind plaas juis omdat winsmarges onder druk is, nie net as gevolg van die ekonomie nie, maar weens ander eksterne faktore soos natuur veranderinge.

It is also clear that the Tuli is now accepted as a feedlot performer. This is based on the positive feedback obtained from feedlot operators such as Beefcor (Mpumalanga), Theron Voerkrale (Gauteng) and Douglas Feedlot (Northern Cape). A very scientific feedlot test will be conducted in the near future, as liased by Mr Charl van Rooyen, our technical advisor. The Tuli



Society has also prescribed to the Beef Genomics program.

In lieu of the above it is very important to breed weaners and stud bulls that perform exceptionally. That is why breeders are requested to do Phase D testing on a regular basis. The information obtained will influence all breeding values positively. It is a well known fact that breeders of other indigenous breeds are more and more interested in Tuli bulls.

Ek was die afgelope drie jaar betrokke by die raad, eers as vise-president en tans as president (2016) en wil graag my dank uitspreek teenoor al die raadslede en telers wat my ondersteun.

Ook 'n dankie aan die sekretaresse in die tyd; eers Jeanné en toe Liesel. My waardering ook aan ander personeel van sekretariaat en SA Stamboek.

Last but not the least, thank you for the support and participation of breeders in Zambia and Namibia who also became friends. It was a privilege to meet and share ideas and to experience your hospitality.

Voorspoed aan al die boere wat met Tuli boer synde dit die intelligente keuse is vir profyt en die oorwegende poena eienskap wat werk en hantering verminder.

Best wishes to all breeders in South Africa as well as abroad.

... die intelligente keuse vir profyt en oorwegende poena eienskap ...

RAAD | COUNCIL



Van links: Bossie Coetzer (Namibiese verteenwoordiger), Callie Barnard (President), Charl van Rooyen, Russell Clark, Ben Raath (Vise-President), Johan van Rijswijk, Albie Rautenbach, Liezel Grobler (sekretaresse), Ben Rossouw, Chris Rodgers (Zambiese verteenwoordiger)

'n Bewaarder van Tuli se lewe 'n viering van passie


Stephan Welz, alom bekende kunstenaar en – afslaer asook liefhebber van die Tuli beesras met sy oeroue Afrika wortels is op 25 Desember 2015 in die ouderdom van 72 jaar oorlede.

As afslaer was hy weergaloos en het honderde Suid Afrikaanse en wêreld rekord pryse vir antieke meubels, silwer, porselein en kunswerke op veiling behaal. 'n Irma Stern skildery, Twee Arabiere, wat hy in 2011 vir net meer as R21miljoen opgeveel het is 'n goeie voorbeeld van hoogtepunte op sy kunstkerfstok. In die landbou het hy sy merk gemaak deur, onder andere, drie jaar na mekaar Tuli wat hy uit Zimbabwe ingevoer het direk op Nasionale veilings aan te bied sodat nie net sy eie stoet se genepoel nie, maar ook die nasionale genepoel daarby kon baat.

Welz en sy vrou Carmen, het in 1988 die plaas Blomvlei op Tonteldoos in die Dullstroom omgewing as 'n naweek bestemming gekoop. In 1992 het Stephan sy eerste Tuli uit die Oos-Kaap aangekoop. Hy en Carmen het Zimbabwe in 1993 besoek met die oog daarop om Tuli te bekom. Dié eerste invoer van 11 dragtige verse het op die ouend vir Blomvlei Tuli 123 kalwers gelewer.

Tydens sy 11 jaar as president van die Tuli-telersgenootskap, het Stephan Welz 'n groot bydrae in die bedryf gemaak deur kenners en Tuli entoesiaste uit Australië, Argentinië, die VSA en natuurlik ook Zimbabwe en Zambië hierheen te nooi om hulle kennis met ons te kom deel. 'n Konsolidasie van die stambome van Zimbabwe Tuli met die in Suid Afrika onder sy leiding het tot gevolg gehad dat teelwaardes vandag vir die ras beskikbaar is. Intussen het Blomvlei se Tuli gedy en het die stoet vele toekennings en 23 Elite koeie opgelewer.

'n Liefde vir ons land, sy natuur, sy geskiedenis en sy mense het duidelik deur Welz se are gebruik. Die kunst- en landboubedrywe sal hom altyd dankbaar wees vir sy bydraes, opofferings en passie. Blomvlei Tuli se baie suksesvolle staakboerdery veiling het op 22 April 2016 plaasgevind. Stephan Welz laat sy vrou van 50 jaar, 'n seun Konrad, 'n dogter Tanya, en twee kleinseuns agter.





Stephan Welz 1943-2015

A keeper of Tulis' life a celebration of passion

Stephan Welz passed away at the age of 72 on 25 December 2015. He was known as South Africa's go-to art expert and auctioneer, as well as an admirer of the Tuli cattle breed with its history spanning millenia in Africa.

As auctioneer he was peerless and during a lifetime selling art and antiques he achieved hundreds of world record prices. Within agriculture he was known for, inter alia, importing Tulis from Zimbabwe with the sole objective of offering them at national auctions in order to improve not only his own herd but also the national gene pool.

Stephan and his wife Carmen, bought the farm Blomvlei near Tonteldoos, district Dullstroom in 1988. In 1992 Welz bought his first Tulis in the Eastern Cape. He visited Zimbabwe with Carmen in 1993 and bought a parcel of Tuli heifers from the Boomerang Stud. This first import of 11 pregnant heifers produced 123 calves for Blomvlei Tulis.

During the 11 years he served as president of the Tuli Breeders Association Stephan Welz achieved many firsts. He persuaded Tuli experts from Australia, Argentina, the USA and Zimbabwe and Zambia to visit South Africa to share their knowledge with us, he signed cooperation deals with Zimbabwe's Tuli Society and out of this flowed the combined data base of Tuli pedigrees which made the introduction of EBV's possible. In the meantime Blomvlei Tulis also flourished and many awards were made to the herd and 23 Elite cows identified.

A love for our country, its culture and people flowed through Welz's veins and the art and agriculture industries will always be grateful to him for his contributions, sacrifices and passion. Blomvlei Tulis's very successful dispersal auction took place on 22 April 2016. Welz leaves his wife of 50 years, a son Konrad, a daughter Tanya, and two grandsons behind.

Kwalitatiewe

KENMERKE BY BEESTE (bv. Horings en Poenskop)

In Genetika onderskei mens tussen twee hoofgroepe van kenmerke, te wete kwalitatiewe kenmerke en kwantitatiewe kenmerke. Kwalitatiewe kenmerke is die kenmerke wat slegs 'n paar vaste vorme kan aanneem, byvoorbeeld oogkleur by die mens en horings of poenskop by die bees. Hierdie soort oorerwing word ook die Mendeliese oorerwing genoem na Mendel wat in 1865 die eerste persoon was om die wette van oorerwing te ontdek. Aan die anderkant het ons in die geval van kwantitatiewe oorerwing te doen met kenmerke wat 'n hele reeks van waardes kan aanneem, sonder duidelike grenslyne tussen die verskillende klasse. Baie eienskappe van ekonomiese belang by plaasdiere is goeie voorbeelde hiervan byvoorbeeld liggaamsgrootte, wolproduksie, melkproduksie ensovoorts.

Omdat die poenskop faktor vir ons so belangrik is by die Tuli wil ons net 'n kort verduideliking gee hoekom sommige diere horings het en ander poenskop is. Daar bestaan redelik verwarring by sommige telers en dit is belangrik dat ons die basiese teorie hiervan verstaan. Daar is uitsonderings soos "scurs" of loshorings wat 'n moeiliker verduideliking is maar ons wil nou net kyk na die basiese geval van horings of poenskop.

Die teel van diere staan grootliks onder die beheer van die mens, en dit is vir die teler om te beslis watter individu gebruik sal word om die volgende geslag te lewer. Variasie in hierdie diere kan naamlik gedeeltelik toegeskryf word aan oorerflike faktore en die ander deel aan omgewingsfaktore. Dus kan ons sê dat die uiterlike voorkoms of prestasie wat in genetica bekend staan as fenotipe bepaal word deur die genotipe (erflike samestelling wat bepaal word deur die diere se gene) en die omgewingseffekte (dit waaraan die diere blootgestel word soos voeding en klimaat).

Kwalitatiewe kenmerke soos oogkleur en horings

of poenskop word net genotipes bepaal en glad nie deur die omgewing bepaal nie. Hierdie is dus oorerflike eienskappe wat bepaal word deur die diere se gene. Die gene bestaan uit twee draadagtige strukture wat chromosome genoem word. Hulle word in die kern van elke sel aangetref. Tydens teling of reproduksie van bv. beeste word die twee chromosome gedeel en die een helfte van die bul se chromosoom heg aan een van die helftes van die koei se chromosoom, om die nuwe geen of DNA te vorm wat bepaal hoe die kalf genotipes sal lyk.

Dit kan verduidelik word deur na geslagsbepaling te kyk. Teen ongeveer 1900 het verskeie navorsers opgemerk dat een paar chromosome nie dieselfde by manlikes as by vroulikes is nie. By vroulikes was die chromosome dieselfde lengte, waar by manlikes die een korter as die ander was. Die langer een by manlikes was dieselfde as die by die vroulikes en staan bekend as die X-chromosoom. Die korter een staan bekend as die Y-chromosoom. Ons kan die twee geslagte dus beskryf as:

XX = Vroulik

XY = Manlik

Tydens reproduksie sal elk van die bul of koei een van die chromosome oordra na die kalf. Dit beteken die koei dra altyd 'n X-chromosoom oor en die bul 'n X of 'n Y. As die bul 'n X-chromosoom oordra sal die kalf XX en dus 'n vers wees. As die bul 'n Y-chromosoom oordra sal die kalf XY en dus 'n bul wees.

Net so word die horings en poenskop faktor ook bepaal deur watter gene oorgedra word. Elke chromosoom bestaan uit duisende gene wat verskillende uitkomst in die diere bepaal. Daar is dus baie verskillende vorms en uitsonderings, maar om die poenskop/horing gene eenvoudig te verduidelik kan ons na die volgende voorbeeld kyk. Net soos die Y-chromosoom die manlike diere bepaal, kan ons sê die P beskryf die



Visitors welcome to
one of the oldest commercial Tuli herds...


JAMBO TULI STUD ZIMBABWE



Built on rock
for the long haul
Hardy,
Adaptable,
Productive &
Profitable!



oslee@zol.co.zw • +263-712-617692 / jambomc@zol.co.zw • +263-712-221099



MEMBERS OF ANIMAL SERVICES

Unistel[®]

The ultimate genetic service laboratory for:

Tel: +27 21 938 9213 • Fax: +27 21 932 0065

Email: animals@unistelanimalservices.co.za

Identity:

- DNA-Profile and Percentage

Genomics:

- Iggenity (Iggenity 150K, Barf/Dairy)
- Genetic and other conditions:
- Pompe's disease
- Freeman-Jinisz
- Trichomonas Foetalis
- Bulldog syndrome (Jester)
- 1/29-Translocation (cytogenetics)
- Congenital Myasthenic Syndrome (CMS)
- Myasthenia (Fatig gene)

Characteristics

- Coat Colour (Red)
- Puled
- Double-Muscling

More on request

www.unistelanimalservices.co.za



poenskap
geen en
die H beskryf
die horing geen. Die
volgende belangrike aspek
wat hier ter sprake kom en verstaan moet word
is dominansie. Dit beteken dat sekere gene
ander domineer en hul voorkoms op die ander
een afdwing. Dit kan ons bv. by die mens sien,
waar een van die ouers bruin oë het en die ander
blou. Die kind sal dan hoogs waarskynlik bruin
oë hê aangesien die bruin geen die blou geen
domineer. So is dit by beeste dat die poenskap
geen die horing geen domineer. As gevolg hiervan
gaan ek die poenskap geen as 'n hoofletter
P en die horing geen as 'n kleinletter h in die
voorbeeld gebruik. Omdat die dier twee gene
of chromosome dra kan hul dus in die volgende


kombinasies
voorkom.

- 1) PP wat beteken dat die dier twee poenskap gene dra en dus net poenskap kan wees. Indien 'n dier twee van dieselfde gene dra noem mens dit homosigoties. Dus homosigoties poenskap
- 2) hh wat beteken dat die dier twee horing gene dra en dus net horings kan hê. Dus homosigoties horings.
- 3) Ph wat beteken dat die dier een poenskap geen het en een horing geen. Omdat die poenskap geen die horing geen domineer sal die dier poenskap wees. Omdat die dier een van elke geen het word hy heterosigoties genoem.

Die probleem wat ons so dikwels by die Tuli kry is om hierdie diere te identifiseer en om te bepaal wat die nageslag sal wees. Die volgende paar voorbeelde kan hiermee help.

Voorbeeld 1			Bul		
Koei	P	P	PP	P	PP
	P		PP		PP
					Uit die dekking kom daar dus vier poenskop kalwers
Voorbeeld 2			Bul		
Koei	h	h	hh	h	hh
	h		hh		hh
					Uit die dekking kom daar dus vier horing kalwers
Voorbeeld 3			Bul		
Koei	P	P	PP	h	Ph
	h		Ph		hh
					Uit die dekking kom daar drie poenskop kalwers en een horing kalf
Voorbeeld 4			Bul		
Koei	P	P	PP	h	Ph
	P		PP		Ph
					Uit die dekking kom daar vier poenskop kalwers Twee homosigoties poens en twee heterosigoties.
Voorbeeld 5			Bul		
Koei	P	h	Ph	h	Ph
	h		hh		hh
					Uit die dekking kom daar twee heterosigotiese poenskop kalwers en twee homosigotiese horing kalwers
Voorbeeld 6			Bul		
Koei	P	P	PP	P	PP
	h		Ph		Ph
					Uit die dekking kom daar ook vier poenskop kalwers. Twee homosigoties en twee heterosigoties


Hier kan ons bv. sien, dat al gebruik jy 'n poenskop bul wat se pa en ma poenskop was en hulle was dalk heterosigoties, is die kans baie goed dat jy nogsteeds horing kalwers sal kry as jy baie heterosigotiese koeie op die plaas het. Hoe identifiseer ons dus die diere? Die enigste manier om regtig seker te wees jy gaan 'n poenskop kalf aankry, is om 'n homosigotiese poenskop bul of koei te gebruik. Omdat koeie meestal elke jaar net een kalf kry, vat dit baie langer om te bepaal of sy werklik homosigoties is. 'n Goeie bul kry darem jaarliks 25 plus kalwers aan en indien hulle almal poenskop is, is die kans baie goed dat die bul homosigoties poenskop kan wees. Waar mens wel vinnig seker kan wees, is dat as die kalf uit twee poenskop diere horings het, is beide van hulle heterosigoties en dus draers van die horing geen.



since 1993

Tuli Stud
Amelia

LESLIE COOK & KEVIN COOK • WILTSHIRE • PO BOX 255 • DOUGLAS • 8730
TEL: 0766176471 & 0828064146 • FAX: 0866798182 • e-mail: kevinc@vectotrade.co.za



Wayne
Southwood

WILDEBEE SHOEK *Tulis*

Ray Brown • *Email:* bastervoetpad@gmail.com

Tell: 045 933 1731 • *Cell:* 071 894 4444

Lekaanvulling

IN DROOGTE TOESTANDE



Baie veeboerderye is huidiglik in moeilike omstandighede en boere verkeer in situasies waar daar baie min of nie voldoende weiding beskikbaar is vir die komende Winter seisoen nie. Die vraag ontstaan, watter voere moet aan diere gevoer word, om die huidige droogte en komende winter te oorleef?

INLEIDING

Die doel van enige leekaanvulling is om daardie voedingstowwe wat nie deur die natuurlike weiding verskaf kan word om in diere se behoeftes te voorsien nie, aan te vul. Op groen weidings word tradisioneel dus minerale-lekke met veral fosfate aangevul en proteïenlekke word op droë weiding gegee. Hierdie proteïenlekke bevat dikwels groot hoeveelhede ureum aangesien rumen mikrobies die vermoë het om die ureum wat 'n nie-proteïen stikstof (NPN) bron is, om te skakel na hoë kwaliteit mikrobe proteïene wat deur die dier benut kan word.

PROTEÏENLEKKE

Dit is wel bekend dat winterweiding sowel as droogte geteisterde weidings se kwaliteit laag is en dat dit veral die proteïen in die gras is wat 'n probleem is. Ureum bevattende proteïen lekke word dus gegee om die verteerbaarheid van die droë weiding te verhoog en so inname van die droë weiding te stimuleer.

Dit moet egter baie duidelik beklemtoon word dat ureumbevattende lekke slegs aan skape en beeste gegee kan word wat voldoende ruvoer tot hulle beskikking het. Soos wat die beskikbaarheid van weiding afneem, neem die inname van lekke toe. Dit lei dus daartoe dat te veel ureum ingeneem word en dat diere vergiftig kan word. Sodra weiding dus skaars begin raak gedurende 'n droogte moet die aanvulling van ureum bevattende lekke met groot versigtigheid gedoen word en dit word aanbeveel dat daar na een of meer van die volgende opsies gekyk word:

- i) Hou aan om ureum bevattende onderhoudslekke te gee, maar koop ruvoer in om te verseker dat diere voldoende ruvoer saam met die lekke inneem. Die volgende onderhoudslekke kan vir beeste en skape gemeng word:

Tabel 1: Onderhoudslekkte vir beeste en skape

Grondstof	Lek vir Beeste	Lek vir skape (ook geskik vir beeste)
Mielies	250	250
Oliekoek	.	150
Voergraad Ureum	150	100
Kimtrafos 12 Grande	150	100
Kalori 3000	50	50
Voergraad Swael	7	5
Sout	350	350
Totaal	957	1005
Inname: Beeste (g/dag)	350 · 500	450 · 650
Inname: Skape (g/dag)	Nie geskik vir skape	80 · 120

- Pas diere aan by hierdie lekke, deur die hoeveelheid gegee, geleidelik oor 'n periode van 7 – 10 dae te vermeerder.
 - ii) Begin om produksielekke vir veral die groeiende en lakterende diere te gee wanneer die gras begin min raak. Hierdie lekke bevat lae vlakke van ureum asook natuurlike proteïene in die vorm van oliekoeke en energie in die vorm van grane. Produksielekke vir droë weiding sal help om massa verliese gedurende die droogte te verminder. Onthou dat 'n produksielek net soos 'n proteïenlek, nie 'n voer is nie en dat daar wel nog 'n bietjie weiding beskikbaar moet wees wanneer produksielekke gegee word. Produksielekke is duur, maar kan gebruik word om die droë weiding te rek, sodat minder duur ruvoer aangekoop hoef te word. Indien daar 'n bietjie laat reën geval het en daar beperkte groen weiding beskikbaar is, kan somer produksie-lekke gebruik word tot en met die eerste ryp om ook hierdie beperkte weiding te rek, sodat daar nie ruvoer aangekoop hoef te word nie. Die volgende produksielekke kan saam met verskillende weidings gegee word:

Tabel 2: Produksielekke vir beeste en skape

Grondstof	Sommer produksie		Winterproduksielekke	
	Natuurlike Weiding	Bemeste Weiding	Lek vir Groei	Lek vir Laktasie
Mielies	700	750	300	200
Oliekoek	200	250	400	400
Voergraad Ureum	25	.	50	75
Kimtrafos 12 Grande	100	75	75	75
Kalori 3000	25	50	25	25
Voergraad Swael	5	5	3	5
Sout	200	200	200	250
Totaal	1255	1330	1053	1030
Inname: Beeste (g/dag)	1000 · 1500	800 · 1000	1000 · 2000	800 · 1200
Inname: Skape (g/dag)	150 · 200	150 · 200	150 · 200	150 · 200

- Alle produksielekke kan op natuurlike en aangepante weiding gegee word.

PULU

TULI STOET

31 jaar oue stoet boedery
met oorspronklike
Zimbabwe Tulis



Die kudde loop op SUURVELD,
HARTWATER, GALSIEKTE EN ROOIWATER
AREA NOORD-WES VAN POLOKWANE.

Coen Groenewald 015 295 7149/082 364 4098 of Merensia 082 255 6173



Knowledge grows

Working together to
make a difference

in the lives of our people and animals.



Yara Animal Nutrition South Africa is a leading manufacturer of inorganic feed phosphates in South Africa and as part of Yara we are internationally recognised as leaders in the feed phosphate and nutritional businesses

Yara Animal Nutrition South Africa's products comply with high international standards and we strive to adhere to the South African Feed Industry's vision of the production of SAFE feed for SAFE food.

With enhanced product innovation, technical support and excellent R&D resources, we offer our clients superior feed phosphates. Join us to make a difference.

Tel: +27 31 910 5100
Web: www.yara.com/animal-nutrition
E-mail: animal.nutrition.sa@yara.com

We specialise in the following products:

Kynofos 21 – Reg. No. V2851 | Kynofos 18 Grandé – Reg. No. V3255 | Feed Grade Urea – Reg. No. V1568 | Kimtrafos 6 Grandé – Reg. No. V2331 | Kimtrafos 12 Grandé – Reg. No. V18670 | PhosSure 12 – Reg. No. V12858 | PhosSure 6 – Reg. No. V11350 | PhosPro 17 – Reg. No. V24441 | Kalori 3000 – Reg. No. V2809 | Feed Grade Sulphur – Reg. No. V16738 | Granular Urea – Reg. No. K9175. All products are registered under Act 36 of 1947.

- iii) Nog 'n opsie wat oorweeg kan word is om swak kwaliteit ruvoer met ureum en Kalori 3000 te behandel en dit aan diere te voer. Meng 15 kg Voergraad Ureum, 25 kg Kalori 3000 en 0.75 kg Voergraad Swael (opsioneel) met 200 liter loutwarm water en giet dit oor 1 ton ruvoer. Hierdie behandelde ruvoer kan dan daagliks of soos beskikbare hoeveelheid dit toelaat, aan diere gevoer word. Geen ureum bevattende lekke moet saam met die behandelde ruvoer gevoer word nie.
- iv) Wanneer geen weiding meer beskikbaar is nie kan 'n droogte mengsel met beskikbare materiale gemeng word en aan diere op die veld of in kleiner kampe gevoer word. Droogtevoere is gewoonlik volledige voere en geen lekke is dan nodig nie.

OPSOMMING

Wanneer 'n droogte uitgerek is en veldtoestande begin versleg, is die eerste stappe op oorlewing om droogte aanbevelings soos die ontslae raak van alle nie-produktiewe diere, vroeg speen van kalwers en lammers, ens. te volg. Daarna moet voertoestande gereeld ge-evalueer word en moet lekke en voere aangepas word, soos wat die verswakkende veldtoestande dit noodsaak om diere die beste kans te gee om die droogte in so 'n goed moontlike kondisie te oorleef.

Skakel 'n Yara Animal Nutrition South Africa voedingkundige by 082 322 0333 vir verdere inligting en aanbevelings.

BENDRI

Tuli Stoet/Stud



Patches

Ben Rossouw Posbus 1345, Bethlehem, 9700 • Tel 058 303 7131 • Sel 083 454 2930 • ben3ros@gmail.com

TIPTREE TULIS

BREEDING FOR ENHANCED
PROFITABILITY & GENETIC PROGRESS



TOP PRICE OF R30 000.00 AT OUR RECENT FIRST PRODUCTION SALE

Next sale

Don't miss our exciting line-up for our
2nd Production Sale - April 2017

www.tiptreefarm.co.za

STEPHEN MAINS-SHEARD 082 323 4286 | crosswayfarm@gmail.com


Wanneer & hoe moet ek my kalwers onthoring?



Cornelis Rautenbach, Nonnie Tuli stoet —————>

Die beste tyd vir onthoring sal wees vanaf 6 weke tot en met 3 maande ouderdom. Hoe jonger jou kalf is wanneer aan hom gewerk word, hoe minder stres sal daar wees. Die tyd sal ook verskil van rasse wat sterker of ligter horings gaan hê. Nog 'n voordeel van jonk onthoring, is dat die tydsduur wat aan die kalf spandeer word, baie minder is.

Sorg dat die onthoringbout warm genoeg is. Vermy onthoringboute wat se vlam beïnvloed word deur wind of mondstuk van die onthoringbout wat maklik kan verstop. Gebruik eerder onthoringboute wat deur 'n goeie gas toestel verhit word ('n blou vlam en nie 'n rooi vlam). Maak gebruik van ten minste 2 RAU onthoringboute om altyd 'n rooi-warm een in gebruik te hê, (sou die een in gebruik), se hitte afneem.



Een bout doen albei horingtjies, sou die knoppies nie afgeknipt word nie (in hierdie geval, is die kalf nog baie jonk), dan brand jy vir ongeveer 4-5 sekondes. Sodra die horing 1 cm lank is, begin die knoppie hard word. Die vinnigste en beste is, om dit af te knip met 'n onthoring tang of hoefskêr. Dit kan bloei, veral sou die horing 2 cm uitgegroeï wees. Wat belangrik is, is om die vel om die horingtroontjie weg te brand. Dit moet wees soos 'n slootjie om die horingtjie. M.a.w. nadat die bloed gestol het, moet daar nog voortgegaan word met die brand proses. (Hierdie proses neem so 30 sekondes). Deur die onthoringings proses, word die bloedvloei, wat die horing se groei stimuleer, afgesny. Sou daar eers gewag word tot en met speen ouderdom, neem dit 1 minuut per horing en is die kans goed dat dit weer sal uitgroeï.



By natuurlike poenskop kalwers, gaan die kop 'n ronde vorm hê, met geen knoppies sigbaar of voelbaar nie. Los knoppies kan ook voorkom,

wat dan opeindig met 'n los horing op groter beeste, of die horing kan sterker word afhangende van hoe los die knoppie oorspronklik was.

Die beste sou wees om los knoppies te brand en sodoende beserings van die los horings te voorkom.

Groot beeste:

Indien die kalwers oorgeslaan was, sal dit raadsaam wees om groot beeste gedurende die wintermaande te doen. Die beste is om van 'n kabel gebruik te maak. Met die vinnige gebruik daarvan bloei die horing feitlik niks nie. Die groot lem /skêr veroorsaak te veel bloeding. Dit is belangrik om die gate toe te stop met watte wat in Stokholmteer aangeklam is. Jong beeste se horings kan weer uitgroeï, want die bloedvloei kan nie soos met kalwers afgesny word nie. Die beste is dan om eerder te wag vir 4 – 5 jarige ouderdom wanneer die diere klaar uitgegroeï het, aangesien onthoringing op jong diere, se groei baie nadelig beïnvloed kan word.

Nadele van diere met horings:

Diere met horings maak mekaar seer.

Diere met horings bemoeilik en vertraag die proses wanneer daar met hul gewerk word.

Daarom is die voordele van onthoringde beeste, veral op 'n jong ouderdom, van ekonomiese waarde. Koeie wat hulle sout werd is, behoort ongediertes weg te hou sonder horings, veral soos die Tuli wat mekaar kan bystaan en baie kudde gebonde is. Soos ek nogsteeds ondervind slaap kalwers binne en koeie buite en vertoon dit die Tuli se besondere beskermings instink. Nog beter is natuurlike poenskop diere wat geen arbeid benodig nie.

BUFFELS BOSCH

Our aim is to breed for conformation, fertility & adaptability with a medium framed type animal which is functional & productive. A great choice for crossbreeding.

First in the KZN midlands

TULLIS





BUFFELS BOSCH

072 104 3422 | paul@saplatimbers.co.za | P.O.Box 481 | Howick | 3290
LIDGETON HOWICK DISTRICT, KZN MIDLANDS



Moelikste

TYE ONDERVIND IN HALFEEU

← Cornelis Rautenbach, Nonnie Tuli stoet



Die 2015/16 droogte het veroorsaak dat veeboere, selfs in die Oos-Vrystaat, (waar 'n gem. reënval van 750 mm per jaar voorkom) aanteel diere moes verkoop en selfs van kant moes maak. Kalwers van 1 week tot en met 5 maande is verkoop, sodat hul moeders die moeilike omstandighede kon oorleef. Dit was nie mooi om diere te sien lê en selfs dooie karkasse te sien, waar ek rond beweeg het nie. Sommige boere was moedeloos en wou hul diere weg wys. Twee voerkrale in SA kon nie diere inneem, a.g.v. water wat ingegee het nie. Ander voerkrale het begin om vers kalwers weg te wys. Kalf pryse het van R22/kg tot en met R17/kg gedaal. Volgens die huidige kondisie van die koeie, gaan die nasionale kalfpersentasie nie 50% haal nie.

Weereens het die Tuli bewys dat goeie kondisies onder hierdie uiterste toestande gehandhaaf kon word. Alle kleiner gronddamme het begin



opdroog. In Reitz is slegs 73 mm reën gemeet tot en met 10 Jan 2016. Hittesgolwe het ook veroorsaak dat water vinniger verdamp, tensame met hoër water innames van diere.

Die daarop volgende 78 mm tot begin April, (met die einde van die seisoen) kon die damme nie genoegsame water bykry nie. Wat die winter nog moeiliker gaan maak, is dat die eerste ryp reeds op 28 Maart aangetref is. Normaalweg begin die eerste ryp 'n maand later. Selfs minder as 25% van die normale hoeveelheid voer, is vanjaar gebaal. Die meeste ander veeboere plant ook mielies aan, wat as oesreste kan dien vir die wintermaande. Die oes-voorspellings lyk egter maar swak en dus sal die reste ook min wees. Boonop is daar ryp skade op die later aanplantings en dit gaan selfs die kwaliteit van oesreste raak. Wat ek wel kan noem, is dat die kwaliteit van gras baie

vinnig afgeneem het, tog het my Tuli koeie 'n 100% besettings syfer! Van die koeie kan wel 'n maand of twee later kalf vir 2016, maar ten minste bly hul in produksie!

Die fout wat baie beesboere maak, is om bulle later by die koeie te plaas a.g.v. droogtes of laat reëns en selfs om bulle dwarsdeur die jaar by koeie te hou. Onthou om nooit af te wyk van dektyd, soos met planttyd in jou omgewing nie. Vrugbare koeie sal wel binne 3 maande beset raak na kalwing, omdat hul aanpasbaar is met klimaats verskille, tensy daar nooit daarvoor geselekteer is, om slegs van die veld afhanklik te wees nie. Laat gebore, of uit kalfseisoen kalwers, gaan baie ligter weeg en hul moeders se kondisie sal ook swakker wees, met swak herkonsepsie a.g.v. veldgras wat verswak in kwaliteit.

Hoeveel boere het al die pot mis gesit wat na die hoëveld trek, omdat hoër reënval 'n



aantrekkingskrag is. Die lang koue winters veroorsaak egter dat daar slegs vir 3 maande van die jaar kwaliteit gras is. Indien koeie met so 'n droogte nie binne 3 maande na kalwing beset raak nie, maar wel bul gevat het binne die dek periode van 4 maande, kan sy wel met die volgende seisoen haar T.K.P. inkort, om elke jaar te bly kalf.

Die groter platsydige tipe wat geen sprong van rib toon, sal na my mening definitief nie 2016 of dan in 2017, kalf nie.

Die kans is uiters skraal dat so 'n droogte, van hierdie aard, homself weer in ons leeftyd sal herhaal!

Mag alle boere besef dat ons nie in Europa boer waar die gras groen bly en ons voorvaders nie voerbakke vir elke weikamp gemaak het nie.



The Tuli Team

Oldonyo Tuli Stud

Jan Kageler (President)
Office: +263 712 342 094, Mobile: +263 772 333 556
Mobile: +263 712 342 093
Email: jankageler@zol.co.zw, Skype: jankageler

Anivai Farm

Philip Reed (Vice-President)
Tel: +263 (54) 229 107, 223 804
Mobile: +263 773 489 019, Email: philreed@cajjzim.com

Doug Follwell Tuli Stud

Doug Follwell
Mobile: +263 772 275 123, +263 712 206 561
Email: neeks@zol.co.zw

Jambo Tuli Stud

Oscar Johnson
Tel: +263 (4) 304 607, Mobile: +263 712 617 692
Email: oslee@zol.co.zw, Skype: osleej

Chris Johnson

Tel: +263 (4) 333 846, Mobile: +263 712 221 099
Email: jambomc@zol.co.zw

LZ Tuli

Joe Stewart
Tel: +263 (284) 22 535, Mobile: +263 712 606 258
Email: fastewart@zimbabwemining.com

Makera Tuli's

Petrus Erasmus
Tel: +263 (4) 486 186, Mobile: +263 772 349 464
Email: petruse@makera.co.zw

Max Makuvise

Tel: +263 (4) 744 356, Mobile: +263 772 573 310
Email: maxm@makera.co.zw, Skype: Maximodus

Website: www.tuli.co.zw

Facebook: Tuli Cattle Society

Masingita Tuli Stud

Mathias Nleya
Tel: +263 (4) 853 077, Mobile: +244 923 336 636
Email: masingitatuli@gmail.com

Matopos Tuli Stud

Dr. S. Ncube
Tel: +263 772 144 749, Mobile: +263 712 629 537
Email: admin@mri.co.zw, mriregistry@gmail.com

Moreena Ranch

Diane Killilea
Tel: +263 (55) 20137, Mobile: +263 772 237 894
Email: killilea@africaonline.co.zw
Landline: +263 4 883077

Zengea Tuli's

Ajs Kirk
Tel: +263 (4) 291 0875, Mobile: +263 772 202 692
Email: ajs@kefalos.co.zw

Zimbo Tuli's (Hirshfield)

Anne Cooke
Mobile: +263 772 414 586
Email: kevanne@zol.co.zw



ZIMBABWE'S OWN BREED

Zimbabwe

TULI SOCIETY →

Jan Kageler, President, Zimbabwe Tuli Society
jankageler@zol.co.zw

The Tuli Society of Zimbabwe is in an exciting phase of expansion and continues to grow both in number of Breeders and Membership. This last year, two new Stud Breeders were accredited, one a women, who is purchasing up to 200 breeding animals. We welcome them and are very excited that they both have established Breeders as Mentors. Several Breeders are increasing their herds, reflected in the number of cows/heifers with 2659 registered animals. The Tuli breed has the second largest number of registered animals with the Zimbabwe Herb Book. Grassland Research Station have also had their animals inspected and we eagerly await them joining the Team.

The new generation of Zimbabwean farmers are realising that the Tuli provides great characteristics, and when used in cross breeding gives positive growth and reflects Tuli's high fertility, adaptability, trouble free calving and good mothering instincts. Breeders are receiving increased requests for both Bulls and breeding stocks.

This year, we have introduced a strong new training programme, to reach more new farmers by partnering with Coopers Zimbabwe. Their vets will be sharing their knowledge and expertise in these stockman courses, and further highlighting the benefits/advantages of using the Tuli.


At the premier showcase event of the year, the National Bull Sale, the prices for our Tuli Bulls continued to rise for the 7th consecutive year. In 2015, the highest priced bull was US\$ 4000, overall sale average of all bulls, US\$3250. Healthy competition and a discerning eye, has created an increase in standards as we

see more players enter the Tuli market. We look forward to this year's national Bull sale diarised for Friday the 29th July 2016.

This year, Zimbabwe will be upgrading the BreedPlan platform from ILR1 to ILR2. This will enable breeders to take advantage of many new innovations offered on the ILR2 platform, including enhanced access to records on the internet and monthly interim breeding value calculations. The upgrade will also facilitate data transfers across countries to enable genetic analyses. The proactive Zimbabwe Tuli Society hopes to be the first in Zimbabwe to successfully complete a breed run.

We, like, the rest of the countries beef industry face massive challenges: drought, foot and mouth disease in certain areas, increased cost of production and diminishing bottom line. Fortunately, many parts of the country received late rain at the end of March, this has given farmers some well needed late grass growth. The Zimbabwe Tuli Society continues to maintain a positive view, aggressive marketing, and a heightened expectation for Breeders to strive to produce better animals.

We appreciate the opportunity to contribute to your journal, and invite you to visit us in Zimbabwe. Please feel free to contact any of our registered stud breeders as listed.



Eira Tuli Stoet

Mnr A.J. van Rijswijk • Posbus 251 • Burgersdorp • 9744 • Sel 083 410 7753 • Huis 071 658 2832 • E-pos: ajvanrijswijk@yahoo.com



Eira Tuli Stoet
3^{de} Produksieveiling
5 Oktober 2016

Plaas Harmsfontein, 11:30
BURGERSDORP



Badoli

THE OX →
Edith Galpin



We started our Tuli Stud farming in October 2009 and our pet ox was the first calf to be born in 2010.

His arrival was a special treat for us because he was born on my birthday, 21 May.

Much to our surprise, he had rather large ears and we were astonished to find he weighed 50kg at birth. It soon became apparent that his dam, SW02 41, must have mated with a Simmentaler bull before we bought her.

We named him Badoli after we read the story of the mythical ox in Xhosa culture....an ox that saved his people from their enemies.

Sadly, his dam died of internal injuries when he was 6 months old. The haunting sound of his prolonged bellow as she left us still lingers in my soul.

He adjusted to the loss and became a fun-loving

pet to our family. He would come up to sniff us when we checked on the herd and run off with whatever took his curious fancy. He loves to be scratched.

He has become the 'voor-os' in the herd, teaching the younger males the routine expected of them at dipping time, when he takes the lead and they follow.

We stopped weighing him when he reached over 800kg because we can no longer fit him into the crush at the kraal. We reckon he weighs over a ton now.

None of us are comfortable with the idea of selling him, so, contrary to the rule of some in cattle farming, we are unashamedly sentimental about him and look forward to enjoying his presence with us for many more years.



TULI STUD AND COMMERCIAL HERD

2015 Herd Fertility Award

1st

in category 19-40 cows in herd

ICP 362

Direct enquiries to:

Edith Galpin

Cell: 082 940 3971

Email: galpin.edie@gmail.com

PO Box 2, Kenton on Sea 6191

www.eaglesview.co.za





PROTEÏEN-KONSENTRAAT VIR BEESLEKKE



EKONOMIESE ... KWALITEIT



LICK MIX 87:

- Stimuleer diere se eetlus vir verhoogde inname van droë materiaal
- Verhoog prestasie van herkouers op droëweidings
- Handhaaf liggaamsmassa vir verbeterde kalfpersentasie
- Stimuleer vertering van swak ruvoer en weiding
- Bevat spoorminerale wat konsepisie verhoog
- Bevat lakserende eienskappe wat droë galsiekte help voorkom

Verbeter droë materiaal vertering en diere prestasie!



Vir meer inligting oor Molatek se spesifieke voere en dienste kontak ons:
 +27 (0)13 791-1036, molatek@tsb.co.za,
 www.molatek.co.za



KLEUR

variasie Tuli x Nguni

Johan van Rijswijk →

Wanneer Tuli bulle op Nguni koeie gebruik word, kan die volgende verwag word:

Indien jy 'n skerp poenskop bul gebruik, kan jy verwag dat 'n groot persentasie van die kalwers sonder horings gaan wees, maar wel met scurs. Die kruiskalf sal met 'n normale groeiseisoen tussen 20 en 30kg swaarder weeg met speen.

Met hierdie kruising, kom daar basies 3 verskillende kleur variasies voor:

1. 'n Soliede kleur, met 'n effense wit op die onderlyn
2. 'n Soliede kleur, met wit wat van die onderlyn teen die sye opkom en soms 'n wit bles.
3. Die gewone Nguni kleur patroon.



F 1 Swart bruin gevlek



F 1 Tuli X Nguni Geel

Rooi Tuli bulle gee enkele rooi kalwers, maar die meerderheid van die kalwers is gewoonlik swart.

'n Geel bul (ligbruin), teel ook soms rooi-, roomkleurige en gewoonlik 'n meer gryserige bruin kleur.

'n Wit bul teel 'n meerderheid roomkleurige kalwers en grysbruin.

F1 is min of meer 10% een kleur met effens wit op die onderlyn. 40% Van die kalwers is een kleur met wit wat vanaf die onderlyn teen die sye opkom en soms met 'n wit bles. 50% Is die Nguni kleurpatroon.

F2 is min of meer 50% een kleur met effens wit op die onderlyn. 40% Van die kalwers is een kleur met wit wat vanaf die onderlyn teen die sye opkom en soms met 'n wit bles. 10% Is die Nguni kleurpatroon.

F3 is min of meer 75% een kleur met effens wit op die onderlyn. 25% Van die kalwers is een kleur met wit wat vanaf die onderlyn teen die sye opkom en soms met 'n wit bles. Die Nguni kleurpatroon kom selde voor.

F4 is min of meer 90% een kleur met effens wit op die onderlyn. Slegs 10% van die kalwers is een kleur met wit wat vanaf die onderlyn teen die sye opkom en soms met 'n wit bles.



F4 Tuli x Nguni

HOE OM 'N KOMMERSIËLE KUDDE OP TE TEEL, NA 'N TULI-KUDDE OOR 'N TYDPERK VAN 10 JAAR EN SODOENDE, SEKERE POSITIEWE EIENSKAPPE VAS TE LÊ:

Hier is 'n aanduiding van die genetiese vordering met behulp van F1 –F4

1 jaar: 100 koeie (4 Tuli Bulle)

2 jaar: 100 koeie

3 jaar: 50 Koeie 50 F1 Tuli Koeie (Verkoop die 50 swakste koeie)

4 jaar: 100 F1 Tuli koeie (Verkoop 50 van die oorspronklike Koeie)



F1 Tuli Nguni gryserige bruin kleur met bles



F3 Tuli x Nguni-Drakensberger

5 jaar: 75 F1 Tuli koeie & 25 F2 Tuli Koeie (Verkoop 50 van swakker F1 Koeie/Verse)

6 Jaar: 25 F1 Tuli Koeie & 75 F2 Tuli Koeie (Verkoop 50 F1 Koeie/Verse)

7 jaar: 88 F2 Tuli Koeie & 12 F3 Tuli Koeie (Verkoop 25 F1 Koeie en 25 swakste F2 Koeie/Verse)

8 jaar: 50 F2 Tuli Koeie & 50 F3 Tuli Koeie (Verkoop 50 F2 Koeie /Verse)

9 jaar: 94 F3 Tuli Koeie & 6 F4 Tuli Koeie (Verkoop 50 F3 Koeie/Verse)

10 jaar: 70 F3 Tuli Koeie & 30 F4 Tuli Koeie (Verkoop 50 F3 Koeie /Verse)

11 jaar: Doen gewone seleksie, hou jou beste beeste terug en verkoop jou swakker bees.

HBH

TULI STUD

Edward and Kim Clark: 087 5501558 or 082 573 0223 • Email: ed@hbhtuli.co.za
Russell and Ellen Clark: 087 5501533 or 082 925 5860 • Email: rtclark@adept.co.za
Denwood – PO Box 145 – Dordrecht – 5435
Visit our website at: www.hbhtuli.co.za



Ons strewe is om sorgvrye mediumraam beeste te teel wat aangepas is by hul ongewing. Om hierdie rede word insette beperk tot die minimum. Streng seleksie vir reproduksie waar alle oop diere geprul word na 'n kort teelseisoen verseker ook dat ons diere se grootte optimaal is vir die moeilike omgewing waarin ons boer.

Ons kudde het 'n gemiddelde TKP van 369 dae vir alle koeie in die kudde oor alle kalwings.

